Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 7
Julie 2003

RYKES EN ARMES

President Thabo Mbeki vra in sy toesprake gereeld aandag vir die kloof tussen die ryk lande in die Weste en die arm lande in die Derde Wêreld. Hy gebruik graag die term *global apartheid* om die situasie aan die kaak te stel. Die president het ‘n punt beet. Die wêreld se rykdom is ongelukkig so verdeel dat 20% van die wêreld se bevolking 80% van die wêreld se rykdom besit – en die ryk lande kan sonder twyfel meer doen om die arm lande te help.

Die president is egter heelwat stiller oor die feit dat in Suid-Afrika self die situasie presies dieselfde is. Ook in ons eie land is dit so dat 20% van die bevolking rofweg 80% van die rykdom besit. Volgens statistieke wat onlangs bekend gemaak is, moet die helfte van Suid-Afrika se huishoudings met minder as R1 000 per maand regkom.

Enkele jare gelede het president Mbeki in sy bekende *‘Two Nations’* toespraak gekla dat Suid-Afrika nog steeds in twee volke verdeel is: `n ryk wit nasie en `n arm swart nasie. Intussen het die situasie egter verander as gevolg van die opkoms van die sogenaamde *swart elite*. Die afgelope dekade het daar `n nuwe klas van ryk swartes ontstaan en hulle vorm nou ook deel van die boonste 20%.

Daar is nog steeds ‘n kloof tussen die boonste 20% van die bevolking en die onderste 80%. Die gaping is selfs wyer as voorheen: die rykes is ryker en die armes is armer. Daar is egter een belangrike verskil. Die skeiding is nie meer op ras gebaseer nie maar op klas: Aan die een kant is daar ryk wittes én swartes, aan die ander kant is daar nog steeds die miljoene arm swartes (en ‘n paar armblankes).

Waar president Mbeki nou stiller geraak het oor hierdie situasie, het sy jonger broer Moeletsi onlangs sy mond oopgemaak. Hy het gekla dat die proses van swart bemagtiging heeltemal skeefgeloop het omdat ‘n klein elite van swartmense baie vinnig baie ryk geword het terwyl die groot meerderheid nog steeds in afgryslike armoede leef.

Klein Mbeki is nogal oor die kole gehaal oor sy vrymoedige uitsprake, veral deur swart besigheids-organisasies in die land. ‘n Mens hoop egter dat sy ouboet ‘n bietjie na hom sal luister en dat dit vir hom ‘n prioriteit gaan word om die lot van die miljoene arm mense in ons eie land te verbeter. Dit help nie om die wêreld daarbuite voor stok te kry as jy nie die probleme op jou eie werf raaksien nie.

AJdV

In Hierdie Uitgawe

Tema: Totius

- **Totius se lewe en werk 3**
- **Totius as psalmberymer 5**
- **Totius en die Bybelvertaling 7**
- Opvoeding 2
- Harry Potter 9
- Kerknuus 10
- Prof Geertsema 11
- Country of my skull 14
- Aggressiwiteit by seuns .. 15
- Bruikbaarheid van die Bybel (II) 15
- Eenheid en verskeidenheid in die ampte 18
- Aktiewe stemreg 20
- Psalm 8 20

OPVOEDING

BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR

Geagte redakteur:

Baie dankie vir die artikel oor opvoeding wat in Kompas van Mei 2003 verskyn het. Dit is goed wanneer ons mekaar opskerp oor hierdie belangrike roeping wat ons van die Here ontvang het. Vergun my asb. die geleentheid om te reageer op die artikel "*Opvoeding met sondebesef is opvoeding in genade (1)*". Ek het 'n probleem met enkele uitgangspunte van die artikel.

Onder die opskrif '*Opvoedingsdoel*' word duidelik gestel watter **uitkoms** ons deur ons opvoeding wil bereik. Hierdie uitkoms bepaal dan die **manier** waarop ons ons kinders moet opvoed. My vrae is: Is dit korrek om ons wyse van opvoeding te laat bepaal **deur dit wat ons wil bereik?** Maak dit ons opvoedingstaak dan nie ekstra moeilik deur steeds te moet oppas dat ons nie dalk die verkeerde ding sê of doen nie, want anders sal ons kinders skade lei en miskien nie die gestelde uitkoms bereik nie? Veroorsaak dit nie dat ons opvoeding daardeur baie kindsentries raak nie? Is dit nie so dat ons ons kinders eenvoudig in **gehoorsaamheid aan die Here** volgens sy wil mag opvoed nie? Het ons nie die versekering dat ons, as gebrekkige, maar gehoorsame opvoeders, biddend afhanklik die opvoedingsuitkoms van God moet verwag nie? Hy is dit immers wat geloof as 'n gawe wil gee!

Onder die hofie '*Sondebesef by peuters*' wil ek die volgende aan die orde stel: Is ons nie baie meer as net opvoeders nie? Ongelowige ouers is ook opvoeders. Ons is immers **deur-God-geroepenes** om sy kinders **namens Hom** op te voed? As dit dan waar is dat daar by die kind gedurende die eerste jare van sy lewe geen sprake van sondebesef is nie, laat die kind dan uit my, as verteenwoordiger van God, se optrede en houding agterkom dat daar sommige goed is waarvan **God nie hou nie** en wat **God nie wil hê nie!** Dit gaan nie – soos in die artikel gestel word – oor waarvan ek as opvoeder nie hou nie of wat ek nie wil hê nie. Uit ons houding en optrede moet hy leer wat **sonde is.** Ons het 'n dure **roeping** om **dit** aan ons kinders voor te lewe. As die kind dan teleurstel, leer hom dan om na ons enigste Verlosser Jesus Christus te vlug na Hom wat sy beloftes van verlossing aan ons by die doop gegee het.

Laastens wil ek vra of dit waar is dat ons tydens die eerste ses jare van ons kinders se lewens hulle **nie verantwoordelik kan stel** vir hulle eie dade nie? As my vierjarige dogter my tweejarige dogter a.g.v. jaloesie byt, mag ek haar dan nie vir haar daad verantwoordelik hou nie? Beteken dit gevolglik dat ek haar nie daarvoor mag **straf** nie? Is ons kinders



dan nie in sonde ontvang en gebore nie en geneig tot alle kwaad nie? Is hulle nie van nature kinders van God se toorn nie? Laat ons hulle dan reeds van kleintyd af leer om die verkeerde in hulle lewens raak te sien, sodat hulle ook kan leer dat hulle slegs by Jesus Christus verlossing en vergifnis kan vind.

Mag ons God ons help in die ampsdiens waartoe Hy ons geroep het en ons opvoeding seën sodat ons kinders voortaan slegs vir God wil lewe.

Henria Stolper, Pretoria

Antwoord:
Die artikel waarna sr. Stolper verwys, is opgevolg deur 'n tweede artikel wat in die Junie-uitgawe verskyn het. Die twee artikels, wat oorspronklik in 'De Reformatie' verskyn het, behoort saam gelees te word om die skrywer reg te verstaan.

In reaksie kortliks die volgende: Sr. Stolper lees in die artikels 'n teenstelling tussen wat *ons* wil bereik en wat *die Here* wil bereik. Egter, as Baas die woord 'ons' gebruik, doen hy dit duidelik as 'n verbondsouer wat verantwoordelik staan voor die Here. Wat die vermeende gebrek aan sondebesef betref: Baas wil juis oordra dat opvoeding in genadebesef onmoontlik is as daar nie ook opvoeding in sondebesef is nie. Hy benadruk egter ook (en tereg) dat 'n mens in hierdie opsig die ontwikkelingsfase van die betrokke kind in ag moet neem.

'n Mens mag dalk verskil oor die mate waarin klein kinders verantwoordelik gehou moet word vir hulle dade, maar dat gewetensvorming 'n groeiproses is en dat ouers daarmee rekening behoort te hou, is 'n feit. In hierdie opsig bied Baas se artikels 'n waardevolle bydrae.

Red.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

Dr. JD du Toit (Totius)

Ds. HA Louw

TEMA: TOTIUS

By geleentheid van die 50ste herdenking van Totius se sterfdag (1 Julie 1953) het ons een van sy oudstudente, ds. Manie Louw, gevra om 'n artikel oor hom te skryf. Ds Louw gee in hierdie artikel nie net 'n oorsig oor Totius se lewe nie, maar ook verrassende insigte in aspekte van sy werk.

Jacob Daniël du Toit, gebore in 1877, was 'n seun van ds. SJ du Toit, Nederduits-Gereformeerde predikant in die Paarl. Sy moeder was van Skotse afkoms. Hy het blykbaar van haar sy kunssin geërf, alhoewel sy vader ook wel ter tale was. Hy was van kleins af lief vir lees. Hy het veral aangetrokke gevoel tot Nederlandse digters soos Da Costa en Bilderdijk. Toe sy vader Superintendent van Onderwys was, was daar nog baie min onderwysgeriewe in die Zuid-Afrikaanse Republiek. Die jong Japie du Toit was toe 'n tyd lank in die Duitse skool te Kroondal naby Rustenburg. Daar het hy saans by 'n kers op sy maag gelê en Latyn geleer met net 'n Duits-Latynse woordeboek tot sy beskikking.

Hy was baie skrander en het in alle vakke uitgeblink. Aanvanklik wou hy vir ingenieur studeer maar besluit eindelik dat hy liewer predikant wil word. Ds. Du Toit het met die metodiste in die NG Kerk oorhoops gelê en stuur dus liewer sy seun na Burgersdorp om onder prof. Lion Cachet te studeer. Hy lê daar belydenis van geloof af in die Gereformeerde Kerk. Die volle tyd van sy studie was ds. GHJ Kruger sy kamermaat. Hy het vertel dat die jong Du Toit duidelik in 'n ander kerklike klimaat opgegroei het. Sy aanpassing sou nog langer geduur het as dit nie vir sy vrou, Marie Postma, was nie. Sy was 'n dogter van vader Postma uit sy vyfde huwelik. Sy het volgens ds. Kruger groot invloed op hom gehad. Dis verstaanbaar want prof. Postma se kinders, ook sy dogters, het in die algemeen invloed uitgeoefen in die kerklike lewe. Hy was bekend vir sy ywer vir die sending. Sy een kleinseun, ds. Hugo du Plessis, het sendeling onder die Bavenda geword, waar die Geref. Kerke vandag 'n eie sinode het.

Ds. SJ du Toit het soms teen die metodistiese sendingywer van die Ned. Geref. predikante te velde getrek. Dus het die jong Du Toit aanvanklik die sending krities benader. Ook hierin het sy vrou hom ten goede beïnvloed.



TEOLOOG

Toe die oorlog uitbreek was Du Toit proponent en sluit as veldprediker by die Boeremagte aan. Van sy studentemaats, soos kommandant Calman Lion Cachet, het met hulle lewe op die slagveld geboet. Toe Bloemfontein en Pretoria deur die vyand ingeneem is en dit duidelik was dat die Boere nie teen die oormag bestand sal wees nie, het veldpredikers oorbodig geword. Prop. Du Toit het besef dat hy verder geen bydrae kon lewer nie en neem die wyse stap om na Nederland uit te wyk en aan die Vrye Universiteit in Amsterdam vir sy doktorsgraad te gaan studeer.

Prof. A Kuyper was sy promotor. Sy proefskrif was getitel "Het Methodisme". Dr. Du Toit was, anders as sy vader, nie `n chilias nie. Dit kan aan die invloed van Cachet toegeskrywe word, maar ook van Kuyper. Hy sou die teologie van Kuyper na Potchefstroom bring, soos BB Keet die teologie van Bavinck na Stellenbosch gebring het. In die aand van sy lewe is hy beskou as die grootste nog lewende Kuyper-student.

Die jong dr. Du Toit het op die eerste sinode na die Anglo-Boereoorlog 'n leidende rol gespeel. Hy oorreed die sinode om die Teologiese Skool na Potchefstroom te verskuif, waar hy predikant was. Hy het tereg ingesien dat daar vir die Geref. Kerke meer groeipotensiaal sou wees in Transvaal as in Kaapland. Hy word na die dood van prof. Cachet in 1911 hoogleraar aan die Teologiese Skool te Potchefstroom.

Prof. Du Toit het hom baie beywer vir Christelike Nasionale onderwys en vir die totstandkoming van die PU vir CHO Hierin is hy bygestaan deur prof. F Postma wat hom kort na die oorlog aan die Vrye Universiteit as klassikus bekwaam het. Hierdie twee manne het groot invloed gehad, ook in die kringe van ander Afrikaanse kerke. Hulle lok heelwat NG studente na Potchefstroom om hulle BA-admissie daar te behaal. Hulle grootste student, die geniale HG Stoker, het as filo-soof ook baie hiertoe bygedra. Die gevolg was dat die klein Gereformeerde Kerk groot invloed op die Afrikaanse volkslewe gehad het.

DIGTER

Dr. Du Toit het as jong predikant sy eerste digbundel die lig laat sien. Hy besing nie net die roem nie maar ook die leed en lyde. Hy besing nie soos C. Louis Leipoldt die algemeen menslike leed nie, want hy styg nie uit bo die volkseie nie. Sy poësie toon sterk ooreenkoms met dié van Guido Gezelle, die Vlaamse priesterdigter. Die forse verse van sy sewentiende eeuse geloofsgenoot Revius ontbreek in sy digkuns.

Totius sal altyd onthou word vir sy omdigting van die Psalms uit die Hebreeus in Afrikaans. Hierin toon hy ook nie altyd veel oorspronklikheid nie. Hy leun sterk op die Nederlandse psalmberyming waaraan doopsgesindes en Arminiane meegewerk het. Sommige van die bekende en geliefde strofes is net so uit Nederlands vertaal, soos Ps. 146:1, 118:1, 84:1 en vele ander. Psalm 8 is egter 'n juweel. Hy het met die Nederlandse Evangeliese Gesange grootgeword. Miskien daarom was hy nie met die Psalms alleen tevrede nie. Dit is Ou-Testamenties en sien vooruit op die koms van die Messias en nie terug op sy geboorte, lewe en lyde, asook sy opstanding en hemelvaart nie. Daarom bied hy die sinode van die Gereformeerde Kerke 'n bundel van 48 Skrifberyminge aan. Hy was nie 'n voorstander van die vrye kerklied nie. Hy het gesê: in Gods huis Gods lied. Dit is toegevoeg aan sy psalmberyming en is sedert 1939 in gebruik. Dit word as minder suksesvol as sy psalmberyming beskou, maar het tog in 'n groot behoefte voorsien. Die Afrikaanssprekende kerke het Afrikaanssingende kerke geword. En dit is alles te danke daaraan dat ds. SJ du Toit sy seun predikant laat word het in die GKSA!

BYBELVERTALER

Totius is veral bekend as Bybelvertaler. Sy vader het reeds in die laat 19de eeu saam met dr. Pannevis en enkele ander pogings aangewend om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Hy het dus belangstelling en ook die regte agtergrond daarvoor gehad. Hy was verantwoordelik vir die Ou Testament. Die vertaling van die Psalms was van sy hand. Hy het ook groot invloed uitgeoefen op sy medevertalers. Hulle het baie waarde geheg aan sy opinie omdat hy so 'n fyn aanvoeling vir die regte woord gehad het. Ook die vertalingskommissie het 'n oop oor vir sy advies gehad. Op sy aandrang is 'n Nederlandse teoloog, dr. Van Gelderen, genooi om met die vertaling te help. Dit is miskien waarom Job baie beter Afrikaans as Nederlands gepraat het! Hy was op hoogte met die tekortkominge van die Statevertaling. Tog het Totius aanbeveel dat so na as moontlik aan die Statevertaling gebly moet word, omdat ons mense al omtrent 2½ eeu of langer daarmee vertroud was. Hy wou veral waak teen 'n plat taal soos sy vader se vertalingspogings was. Dit sou ook onaanvaarbaar wees by mense wat geslagte lank in Nederlands gebid en gesing het. Hy het daarop gestaan dat vreemde name gespel moet word soos in die Nederlandse Bybel, bv. Scythe en nie Skiete nie, Antiogië en nie Antiogië nie, Cirene en nie Sirene nie. Dit het moontlik vir hom plat voorgekom om van Skiete te praat! Prof. Du Toit was in hoë aansien by die ander Afrikaanse kerke. Met die Du Plessis saak in die Ned. Geref. Kerk is hy gevra om in die hof te getuig wat onder Calvinisme verstaan word. Prof. Du Plessis het hom op die geregshof beroep om in sy amp herstel te word, en die NG Kerk het vir Totius versoek om getuienis af te lê ter verdediging van die NG Kerk.

DOSENT

In die Geref. Kerke is prof. Du Toit veral gerespekteer oor sy regsinnigheid as teoloog en vir sy kerkregtelike adviese op sinodes. Hy het in sy lang loopbaan as hoogleraar omtrent alle teologiese vakke doseer. Daarom kon hy nooit spesialiseer nie. Hy was lank verantwoordelik vir die Ou Testamentiese vakke, wat sy seun, prof. S du Toit, later by hom oorgeneem het. Toe het hy die Nuwe Testamentiese vakke behou, wat prof. WJ Snyman in 1946 by hom oorgeneem het. Na die De Wet-saak in 1945/46 is dogmatiek aan hom opgedra. Hy het ook kerkreg gedoseer en was altyd verantwoordelik vir homiletiek.

In sy doseerwerk was hy nooit besonder oorspronklik nie. Hy was met so baie dinge besig dat hy hom nooit kon ingrawe nie. Daarom het hy nie veel kennis van Karl Barth se teologie gehad nie. En van Bultmann het hy ook nie veel geweet nie. Hy was tog 'n apologeet in soverre hy altyd as beskermer van die gereformeerde leer opgetree het. Hy was goed op hoogte met wat Calvyn geleer het, asook Kuyper en Bavinck. Hy was in hart en niere 'n Kuyperiaan. Sy dogmatiek was tot 'n groot mate gebaseer op Honig se Gereformeerde Dogmatiek. En sy kerkreg op Johannes Jansen se ou verklaring van die Kerkorde. Sy kerkregklasse was baie interessant. Dit was deurspek met lewenswysheid en kennis van die sinodale besluite. Hy was ook goed op hoogte met die Doleansie in Nederland.

Prof. Du Toit het verskeie eredoktorsgrade ontvang, ook van die Vrye Universiteit van Amsterdam. Na die voltooiing van die Bybelvertaling, waarin Totius die leeueaandeel gehad het, het die FAK hom 'n reis na die Nabye Ooste laat onderneem. Prof. Du Toit was ook baie jare aan die redaksie van Die Kerkblad verbonde. 'n Kerkblad sonder 'n bydrae van hom was 'n uitsondering. Dit het 'n groot deel van sy versamelde werke beslaan.

Sy laaste jare het hy op sy plaas Krugerskraal geslyt. Hy het nog een dag elke week kom klasgee by die Teologiese Skool, wat deur alle studente van die vierde tot die sewende jaar bygewoon is. Van al die professore was hy die langste verbonde aan die Teologiese skool, nl. van 1911 tot 1949. Hy het eintlik nooit afgetree nie. In 1949 het dr. PJS de Klerk dogmatiek by hom oorgeneem en prof. JP Jooste kerkreg. Op 1 Julie 1953 is hy oorlede. Toe het 'n seder in die Gereformeerde Kerke geval.

As 'n mens aan hom terugdink, besef jy watter groot voorreg dit was om onder hom te studeer. So iemand leef maar eenmaal in 'n eeu. Hy was nederig in sy omgang met mense en goedhartig teenoor sy studente. As dit van hom afgehang het, sou daar nooit 'n student gedruip het nie. As 'n student 'n dom stelling gemaak het, het hy hom ewe waardig reggehelp. Daarby was hy 'n harde werker. Na hom was daar nog nooit iemand in die Gereformeerde Kerke van wie so 'n wye invloed uitgegaan het nie. Heel gepas is 'n standbeeld van hom in Potchefstroom opgerig.

Ds. HA Louw is emeritus predikant/sendeling van die Gereformeerde Kerke. Hy woon in Bronkhorstspruit.¤

TOTIUS AS PSALMBERYMER

Prof. G Dekker

TEMA: TOTIUS

Op 21 Februarie 1947 het die Huisgenoot 'n spesiale uitgawe aan Totius gewy by geleentheid van sy 70ste verjaarsdag. In een van die artikels bespreek prof. G Dekker Totius se betekenis as psalmberymer. Lesing van die artikel help om te besef watter rykdom ons in Totius se psalmberyming ontvang het.

Ruimte ontbreek helaas om die hele artikel op te neem. In die samevatting wat hier volg is die belangrikste dele van die artikel so aangehaal dat die lyn van die betoog behoue gebly het.

Psalmberyming is deur die menigvuldigheid van eise waaraan dit wil voldoen, 'n afsonderlike kunssoort, wat glad nie sonder meer aan dieselfde norme as vrye liriek getoets kan word nie. 'n Psalmberyming moet wees die vertolking in moderne Westerse digvorm en taal van die oorspronklike Oosterse poësie, waarvan die so gans ander vormgevoel en uitdrukkingsmiddele grotendeels verlore gegaan het in die prosa-oorsetting van die Bybel. Daarvoor is natuurlik in die eerste plek, soos by alle herdigting, nodig 'n diep en suiwer belewing van die oorspronklike, wat nie moontlik is nie sonder 'n grondige kennis van die Hebreeus, en van die deur die Gereformeerde teologie aanvaarde eksegese daarvan, ook in die lig van die Skrif as geheel. Alleen iemand wat begenadig is met 'n ryk en diep geloofslewe kan al die nuanses van die grondstemminge van hierdie psalms van binne uit weer nabeleef. En hierdie herskeppingswerk kan alleen verrig word deur iemand wat dié gawe van die kunstenaar besit, nl. sterk persoonlike gevoel en uitdrukkingsvermoë, maar wat ook voor alles bedeel is met die ootmoedige oorgegewenheid aan sy taak van Godverheerliking wat in staat stel tot "self-ontlediging" en alle individualisme uitsluit – nooit mag die persoon van die berymer tussen die oorspronklike en sy vertolking daarvan in staan nie. Hy moet hom altyd een voel met die singende gemeente.

Wie 'n studie gemaak het van Totius se lewe en werk, kom tot die slotsom dat sy hele ontwikkelingsgang as mens en as kunstenaar 'n voorbereiding was vir sy taak as psalmvertolker, wat die kroon is op sy digtersarbeid. Die Hebreeuse Psalms tref ons deur die verstrengeling van die nasionale en die persoonlike, wat deur die geloof albei uitstyg tot die universele, tot wat waar is vir elke volk en elke gelowige in alle tye. Ook in Totius vind ons die verstrengeling van dié twee elemente – hy het begin as ontroerde besinner op die Goddelike doel met die nasionale lyding, daarna, deur die smartlike slae wat hom getref het in sy persoonlike lewe, het hy tot verinniging gekom. As teoloog en as Bybelvertaler, aan wie in die besonder die oorsetting van o.a. die Boek van die Psalms opgedra was, was hy verder uitmuntend toegerus vir sy taak. Sy psalmberyming was nie die aanleiding tot die intensiewe Bybelstudie nie maar die spontane vrug daarvan. Insiggewend is wat hy self daaroor meedeel: "Om van die moeilikhede van die Ou-Testamentiese vertaalwerk, wat ons gedurende die dag so vasgevat het, vry te kom, het ek saans na die slaapkamer in my geheue enkele verse van die leespsalm meegeneem. Langsamerhand het by die bepeinsing op die rusbed, die vers of verse ritmiese gestalte gekry. Hierdie prosedure het meteens rusaanbrengend gewerk."



Die Afrikaanse Psalmboek is mensewerk. Dit is dus nie volmaak nie. Dit vertoon oomblikke van insinking, dowwe verse en beelde. Maar ek skroom nie om dit as my weloorwoë mening uit die spreek nie dat dit as geheel 'n werk is waarop ons volk trots kan wees en wat 'n ereplek inneem naas dié van ander volke. Ek wil selfs erken dat dit van die berymings wat ek ken, as geheel vir my die mooiste is. Ek wil kortliks op die skoonhede daarvan wys.

SELFONTLEDIGING

Laat ek begin met te sê dat Totius m.i. daardie gawe van "self-ontlediging", daardie uit die ootmoed van die geloof gebore instelling teenoor sy stof waarop ek hierbo gewys het, in ruime mate besit het. Ook teenoor die reviseurs, sowel die interkerklike kommissie as die persone wat op las van die Gereformeerde Kerk die beryminge nagegaan het voordat hulle aan die breër kommissie voorgelê is. Soos in die notule van laasgenoemde ook dankbaar vermeld is, was die digter altyd bereid om die op- en aanmerkings, sowel eksegeties as taalkundig en literêr, aan te hoor en daarmee rekening te hou – wat egter nie ingehou het dat hy op prinsipiële punte bereid was om sy standpunt prys te gee nie. Die eerste wat ons in die Afrikaanse psalmberyming tref, is dat die digter hom

so in die oorspronklike ingeleef het dat dit in sy vertolking weer as geheel opgestaan het. Dis nie slegs min of meer geslaagde afsonderlike strofes wat ons hier kry nie – dis telkens een geheel waardeur die ontroering in al sy wisselinge van begin tot end stroom. Hoewel dergelike werk noodwendig tot op sekere hoogte digterlike parafrase moet wees, wat die groot gevaar meebring van eie "vulling" van `n vers of strofe, die inbring van beelde en gedagtes wat nie in die oorspronklike staan nie, het Totius hom hieraan betreklik weinig besondig – waar hy `n beeld of gedagte invoer, ontleen hy dit aan `n ander deel van die Skrif (in die eerste proefuitgawes is dit noukeurig verantwoord) of is dit heeltemal in ooreenstemming met die Bybel as geheel. Hierin vorm sy werk `n interessante teenstelling met die groot aantal Nederlandse berymingе en "uitbreidinge" van die sewentiende eeu.

VERFRISSEND

Juis deur hierdie inlewing deur 'n groot Bybelkenner het die oorspronklike geleentheidskarakter van die psalm dikwels weer op so 'n verrassende en verfrissende wyse tot sy reg gekom. Hoe herleef daardeur die Messiaanse Ps. 45 weer vir ons as gloedvolle huweliksang; hoe voel ons Ps. 5 weer as gebed by die môre-offer; hoeveel direkter spreek die geliefde Ps. 81 tot ons as ons sing: "Laat basuine klink as aan lae transe nuwe maan weer blink!" Die dankbaarste moet ons die digter in hierdie opsig wees vir Ps. 134 wat weer geword het 'n nagtelike begroeting, 'n bedevaartslied, 'n beurtsang tussen die gemeente en die priester by die aandoffer. Die ruimte ontbreek helaas om hierdie juweel uit ons psalmboek aan te haal.

Totius het daarin geslaag om die verskillende grondstemminge van die Psalms, wat Luther die hart van die Bybel genoem het, weer te gee in hul verskeidenheid van nuanses. Luister bv. na die dringende smeekstem in benoudheid (Ps. 130:1):

Uit dieptes, gans verlore,
Van redding ver vandaan,
Waar hoop se laaste spore
In wanhoop my vergaan;
Uit diep van donker nagte
Roep ek, o Here, hoor,
En laat my jammerklagte
Tog opklim in u oor.

Daarteenoor die juigende versekerdheid van die geloof (Ps. 146:3): "Salig hy wat in die lewe, sonder hulp en sonder raad, as hom alles wil begewe, vlug tot God sy Toeverlaat."
Daar is die grootse siening van God in sy majesteitlike prag, sy spel met die elemente (Ps. 29:2): "Dis sy stem wat, hooggedug, rol en ratel deur die lug."
Daar is die heerlike, volle juigtoon van Ps. 65 oor die ryke seëninge in die natuur: "Ons sien die kleinvee langs die hange, wat juigend veldtoe gaan."
Daar is in die vloekpsalms die verse waarin hy in direkte, ruige spreektaal tog verhewe spot gee (Ps. 10:3,4): "Die goddelose wandel in sy waan; hoogwys het hy sy neus omhooggesteek."
Totius het op die Europese psalmberymers voorgehad dat hy hom veel beter kon inlewe in die Oosterse sfeer en beelde. Hoe het hy die verterende songloed voor ons opgeroep (Ps. 102:2): "My gebeent'is dor geskroei, soos `n vuurherd so deurgloei."

SOBER EN DIREK

Die groot gevaar wat die psalmberymer bedreig, is die "tale Kanaäns", die gebruik van die ou beelde en wendinge wat deur veelvuldige herhaling die vermoë verloor het om tot ons gevoel of verbeelding te spreek. Die taal van die Afrikaanse Psalmboek tref ons deur die direktheid, die gemoedelike eenvoud wat tog verhewe bly in die goeie sin van die woord. Op sobere wyse maak Totius `n enkele keer gebruik van `n argaïsme, nie om slegs `n maat te vul of om te imponeer met `n krag wat sy woord nie besit nie, maar om die assosiasies wat dit besit en om die ritmiese en musikale krag. En telkens verras hy ons deur oorspronklike nieu-vorminge soos "skuilgeboë, "skrikverslae", "offerbrand" i.p.v. die stereotiepe "brandoffer", "kroon van fynste *gloed*" i.p.v. die afgeslete "fynste goud", "dwaalsiek hart", "swerfgedagte", om slegs enkele voorbeelde te noem.

Hoewel die digter steeds binne die beperkinge wat sy taak hom opgelê het, sy vryheid as kunstenaar gehandhaaf en bv. geweier het om hom te bind aan opsetlike navolging van die Nederlandse beryming, spreek sy "self-ontlediging" miskien nêrens sterker as uit die bewuste en dankbare gebruik wat hy van sy Dietse voorgangers gemaak het nie – die "ou goud" van die Afrikaanse Psalmboek soos hy dit self genoem het. Hy het nooit geskroom nie om beelde, wendinge, selfs hele verse en strofes, tegniese versoplossinge oor te neem van voorgangers in hierdie heerlike werk ter ere van God. Dis `n insiggewende en boeiende studie om na te gaan hoé hy hierdie vondste oorgeneem het, hoe hy hulle opgelos het in die gevoelstroom van sy eie vers.

Ek kon hier slegs enkele grepe doen om te wys op die skoonheid van hierdie kostelike besit van die Afrikaanse kultuur. En die verklaring van die wonder van die totstandkoming daarvan? Dié vind ons in die slotstrofe van die pragberyming van Ps. 130, die ootmoedige gebed waarmee dit eindig:

Hoop, Isr'el in jou klagte;
Vertrou, o volk, wat treur;
Sy guns verduur die nagte,
Sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede:
Gans Israel word vry
Van ongeregtighede.
Heer, doen ook so aan my!

Die Afrikaanse psalmberyming was 'n geloofsdaad. ¤

Totius oor die Bybelvertaling

TEMA: TOTIUS

Naas die Psalmberyming was Totius se belangrikste bydrae vir die Afrikaanse kerke sekerlik sy werk vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans, 'n werk wat hy saam met BB Keet en ander vertalers verrig het. Terwyl hy met besig was met die uitvoering van hierdie projek, het Totius die kerkvolk ook voorgelig oor die moeites en die vreugdes van die werk van Bybelvertaling. In 1926 skryf hy in De Kerkbode 'n interessante artikel waaruit ons die volgende aanhaal.[1]

Die Statevertalers was deur die reël gebind "dat hulle, soveel as wat die duidelikheid en die eienskap (eie-aard) van ons moedertaal kan toelaat, by die oorspronklike teks moet bly en die maniere waarop die Hebreërs en Grieke gepraat het, moes behou. As daar êrens `n Hebreeuse of Griekse spreekwyse is wat te hard was om in die teks ingebring te word, moes hulle dit in die kantlyn ywerig aanteken." Vir die behoud van Hebraïsmes en Graecismes is daar in die Sinode van Dordt gepleit, onder meer op hierdie grond: "Sodat ook die Nederlanders bekend sou word met die sprake van die Heilige Gees self. Ook Paulus het in sy briewe die Hebraïsmes nie in Grieks vertaal nie."

Natuurlik kon nie alles letterlik vertaal word nie. Op baie plekke was die Hebreeuse uitdrukking vir die Hollandse oor te "hard". Om enkele voorbeelde te noem: In Gen. 5:32 staan in die teks: "En Noach was 500 jaar oud," terwyl die al te "harde" Hebraïsme op die kant aangeteken is, nl.: "een zoon van 500 jaar". In Gen. 18:7 lees ons in die teks dat Abraham "een kalf nam" en dat hy dit klaargemaak het vir die drie manne wat by hom op besoek was. By die woord "kalf" word op die kantlyn aangeteken "eens runds zoon". In Ex. 26:3 lees ons van die gordyne van die tabernakel: "Daar zullen vijf gordijnen samengevoegd zijn, de eene aan de andere." Vir "de eene aan de andere" staan op die kant: "de vrouw aan haar zuster". Al weer `n alte "harde" Hebraïsme!

Aan dieselfde stipulasie om te vertolk volgens die "manieren van spreken der Hebreeuwen en Grieken" is ook die Afrikaanse oorsetters gebind, alleen word `n alte letterlike vertaling van hulle nie geëis as dit minder passend is of onduidelikheid en selfs misverstand in die hand kan werk nie. Byvoorbeeld in Gen. 9:5 word volgens die Statevertaling die mense se bloed geëis "*van de hand* van alle gedierte". Nou is ook die verbinding: "hand van `n dier" vir ons ore alte "hard". In Gen. 15:3 is die uitdrukking: "de *zoon* van mijn huis" wel `n letterlike vertaling van die Hebreeus, maar dit is in die verband nie duidelik nie. Vandaar dat nuwe vertalers die grondwoord met "kneg" of "onderhorige" vertolk.

GRONDTEKS

Die reëls waarvolgens vertaal moet word kom in kort woorde hierop neer: Vertaal uit die grondteks en hou soveel moontlik by woordkeuse en sinsbou rekening met die bestaande vertaling. Dit is maar 'n baie kort opdraggie, maar wat beteken dit nie vir die man wat nou aan die werk moet gaan nie!



Vertaal is altyd 'n baie moeilike werk, maar Bybelvertaal is ongelooflik moeilik. Vandaar dat ons dikwels klaagtone en versugtings van vertalers opvang. Baudartius, een van die drie manne wat as vertalers van die ou Testament deur die Dordtse Sinode aangewys is, het verklaar dat hy in sy lewe nog nooit so "geblok" het as op sy oudag nie.

Luther laat ons op 'n ander manier die moeilikheid van 'n vertaler voel. Hy sê dat hy onderneem het om die Bybel te vertaal; dit is ook maar goed, voeg hy daaraan toe, want anders het hy in die waan gesterwe dat hy 'n geleerde man was! Sy gevolgtrekking vir ander mense daaruit is: "Sulke werk moet oorgelaat word aan mense wat hulle as geleerd beskou."

Bogerman het gekla dat die boek Job hulle so lank besig hou. Luther het dieselfde gedoen. Hy skrywe aan Spalatin dat die grootsheid van die styl vir hulle baie moeite gee; dit lyk vir hom (Luther) dan ook of Job hom hulle vertaling veel minder wil laat geval as die troos van sy vriende, of ook: hy wil vir altyd op die ashoop bly sit! Ook die profetiese boeke het vir hom geboortesmarte veroorsaak. Hy skrywe aan Link: "Ag, Here, wat `n sware en grote taak is dit om die Hebreeuse skrywers te dwing om Duits te praat."

Luther, die man met die magtige styl en direkte woord, het soos niemand anders nie openbaar gemaak die smarte en angste wat 'n Bybelvertaler deurleef. Die vertaler moet *vertaal*, en tog kan hy soms geen reël op papier kry nie; dit smaak vir hom of die moeilikhede op hom afsak soos 'n swerm sprinkane op 'n stuk gesaaide.

Die vertaalmoeilikhede waarop hier gedoel word, kan ook die leek enigsins besef as hy die volgende oorweeg: (1) Daar moet vertaal word uit 'n Oosterse in 'n Westerse taal; uit 'n taal wat lankal dood is en nou eers weer in Palestina be-

gin herleef. (2) Die hele siels-beweeg van ‘n Oosterling is glad anders as die van ‘n Westerling: ons moet ons van baie skoolse geleerdheid ontdoen voordat ons die man uit die Ooste goed kan verstaan. (3) Baie Hebreeuse woorde is tot vandag toe nog vir ons raaisels: hulle wortels is nie meer bekend nie, of wat ons daarvan weet, is te vaag en algemeen om daar ‘n presiese betekenis aan vas te knoop. (4) Die terme perfek en imperfek het by die werkwoorde nie die betekenis wat dit by ons het nie; dit sien nie soseer op die *tyd* nie as wel op die *aard* van die handeling. Hier is aanleiding genoeg vir misvattings. (5) Ten opsigte van die sogenaamde imperfecta moet ons al sulke woordjies soos *kan, mag, moet, wil, hoef, durf*, e.d.m. gebruik om ons uit die verleentheid te help, sonder dat ons selfs reg het om aan te neem dat al daardie variasies juis so in die siel van die Oosterling geleef het. (6) Die name van diere en plante sowel as allerhande oudheidkundige begrippe gee soms baie hoofbrekens, so selfs dat verskillende nuwe vertalers die metode volg om waar hulle vasraak, eenvoudig Hebreeuse woorde in Duits of Hollands oor te skrywe.

Aan die ander kant is daar genoeg om op te beur en te verkwik. Dis gelukkig vir die vertaler dat die Ou Testament so wonderbaar ryk is. Gedurig is daar afwisseling, is daar geleentheid om die veelvuldige wysheid van God te bewonder. Dit veraangenaam die werk en is gedurig weer ‘n aansporing om voort te gaan.

Ek sou nog gewys het enersyds op eienaardige moeilikhede wat daaruit voortvloei dat Afrikaans, die taal waarin vertaal moet word, ‘n jong taal is, en andersyds op Afrikaanse idiome wat besonder geskik is om Hebreeuse wendinge weer te gee, maar ek moet my beperk ter wille van die tyd. Ek kan alleen nog die hoop uitspreek dat die Afrikaanse Bybel tog nie lank sal uitbly nie.”

In 1932 het Totius homself soos volg uitgespreek oor die vraag hoe letterlik of vry die vertaling van die Bybel moet wees:[2]

Daar is vir ons geen ander keuse as om die oorspronklike so na moontlik te volg nie. Op die titelblad van ons Afrikaanse Bybel moet kan staan die woorde waarmee die Stateoorsetters hulle werk by die Kerke van Nederland aangedien het: “Uit die oorspronkelijke talen in onze Nederlandse (lees: Afrikaanse) taal getrouwelijk overgezet.”

‘n Kuns- of vrye vertaling is vir ons buite die kwessie, al is dit dat ook daarvan ‘n sekere krag en bekoring uitgaan. Sal die Afrikaanse vertaling doeltreffend en standhoudend wees, dan moet daarvan gesê kan word dat dit die diensknegtelike gestalte aangeneem en diep gebuig het voor die majesteit van die oorspronklike waardeur die ewigblywende Woord van God in ons aardse sfeer verklank is. Ook in suiwer literêre opsig het so ‘n vertaling sy waarde. Opmerklik was dit my om in dr. Wielenga se boek oor die *Bijbel als boek van schoonheid* te lees dat in Holland aan ‘n aantal literatore gevra is watter ses boeke hulle sou uitkies om mee te neem vir die geval dat hulle na ‘n eensame eiland verban sou word. Meer as die helfte het aan die Bybel as een van die ses die voorkeur gegee, en ‘n halfdosyn het daarby gevoeg dat hulle die Bybel begeer *in ‘n ou vertaling*. Hierdie stipulasie kan ons verstaan. Deurdat die ou vertalings meestal die oorspronklike so letterlik moontlik teruggee, het hulle die Oosterse toon en kleur bewaar wat die Skriflesing so aantreklik maak. Dat dit God behaag het om sy openbaring juis in die Ooste aan die mens te gee, is ‘n feit van so besondere betekenis dat die Skrifvertaling daar ernstig mee rekening moet hou. Van die eenvoud en beeldende vermoë van die Hebreeus gaan die sterk sprake uit wat ons by die vertolking van Gods Woord nie kan mis nie.

Die opmerking van Driver, een van die beste Engelse Hebraïste, is dan ook korrek dat dit nie moontlik is om altyd die beste vertaling in die beste Engels terug te gee nie. Die laaste moet soms aan die eerste opgeoffer word...

Aan die ander kant is die eis van ‘n goeie vertaling dat dit duidelik sal wees. Prof. Grosheide sê: “As volgende eis moet aan bostaande toegevoeg word dat die taal van die vertaling duidelik moet wees. Elkeen moet dit onmiddellik verstaan en begryp.” ¤

---

[1] *Totius, Versamelde Werke, deel 1, p. 145-150.*

[2] *Totius, Versamelde werke, deel 1, p. 167-168.*

Die Godsbesluit

Voor die onheilswoning en
tussen die skaars-beblaarde
soetdorings staan, in droë aarde
maar lowergroen en blink van blad,
die wag-’n-bietjie langs die pad.

Wanneer ek naderkom dan sien
ek dorings krom en reg;
‘k sien takke inmekaar gedraai
en deurmekaar gevleg.
En wil ek in die blare gryp
of aan die takke breek,
dan tas ek in ‘n doringnes
wat vreeslik haak en steek.

Bo al u donker bome, o Heer,
groei my ‘n enk’le reusboom uit
dit is die wag-’n-bietjie-bos
van u besluit.
Van ver so skoon, so groen, so blink…
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat ‘n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na u besluit,
dan gryp ek in die dorings vas.

Uit die digbundel: Passieblomme

Harry Potter: Goed vir kinders?

Ds. S Tracey

AKTUEEL

Harry Potter is 'n groot treffer. Die eerste vier boeke, geskryf deur JK Rowling, was 'n publisiteitswonder. Die vyfde boek is verlede maand te midde van groot entoesiasme gepubliseer. Die vraag bly egter: Kan ons ons kinders die Harry Potter boeke in hande gee om te lees? In hierdie artikel maan ds. Stephen Tracey ouers om baie versigtig te wees.

Harry Potter is 'n gewone klein seuntjie. Dalk is dit die rede hoekom so baie met hom kan identifiseer. Hy is 'n weeskind en hy woon by sy oom en tannie, Petunia en Vernon Dursley, en hulle hebsugtige, oorgewig, selfsugtige en bederfde seun Dudley. Die lewe met hierdie familie is ellendig. Harry is nie geliefd nie. Hy word afgeknou, verwaarloos en moet in die kas onder die trap woon. Dan, op 11-jarige ouderdom, verander alles. Dit blyk dat hy 'n towenaar is en dat hy 'n plek kan kry op Hogwarts Skool vir Heksery en Towery.

Hy is in werklikheid 'n besondere seuntjie. Sy ouers het nie in 'n motorongeluk gesterf, soos wat aan hom vertel is nie, maar is vermoor deur die slegste towenaar van alle eeue, Lord Voldemort (hy wie se naam nie genoem mag word nie). Hy het ook probeer om baba Harry dood te maak, maar daar het iets voorgeval. Harry het bly leef. Die vloek het weerkaats op Voldemort en dit het sy mag verminder. Harry het agtergebly met 'n klein weerligstraal-litteken op sy voorkop en word, alhoewel hy dit nie geweet het nie, deur die hele towerwêreld gerespekteer. Die Dursleys het geweet dat hy van 'n towenaarfamilie kom, maar omdat hulle dit verag en gehaat het, het hulle hom dit nooit vertel nie.

So gaan hy dan na die skool, hy vertrek vanaf platform nege en 'n drie-kwart op 'n towertrein. Nou begin Harry se lewe eers regtig. Op die een vlak is alles normaal. Hy moet klasse bywoon, huiswerk doen en eksamens skryf aan die einde van die termyn. Hy het onderwysers wat briljant en vriendelik, ander wat briljant en angswekkend, ander wat pateties en vriendelik, en ander wat pateties en niks anders is nie. In sekere sin gaan die Harry Potter stories oor oorlewing op skool, vriende maak, omgaan met minder aangename elemente in die portuurgroep en – durf ek dit sê? – die oorhand kry oor sekere onderwysers.

Op die vlak van kinderstories is hierdie boeke briljant om te lees. Dit is boeiend, met oortuigende karakters. Dit is spannend, met opwindende storielyne. Dit is humoristies, hartseer en beangstigend. My enigste kritiek in hierdie verband is dat ek dink dat die laaste boeke heeltemal te dik is en daarom te stadig beweeg.

Maar, as Christen, is ek diep bekommerd oor die boeke.

VERBEELDING EN REALITEIT

In die eerste plek vertroebel die boeke die verskil tussen verbeelding en realiteit. Die verskil tussen Harry Potter en die Narnia-verhale van CS Lewis, byvoorbeeld, is dat ons almal weet dat Narnia 'n verbeeldingswêreld is – maar Harry Potter leef in 'n werklike wêreld. Hy leef in ons wêreld met die wêreld van towery aan sy vingertoppe. Soms word dit voorgestel as diep, donker en onheilspellend. Ander kere word dit as eenvoudige plesier voorgestel. Dit is gevaarlik, want dit beweeg towery na die grens van aanvaarbaarheid, asof daar aspekte daarvan is wat regtig plesier verskaf. Dit is presies op hierdie punt wat Christene versigtig moet wees.

Die postmoderne wêreld waarin ons vandag leef, is gefassineerd met "spiritualiteit". Op hierdie manier is Harry Potter niks anders as postmoderne fiksie nie. Hierdie fassinering met spiritualiteit is egter nie 'n goeie ding nie. Neem byvoorbeeld die volgende advertensies vir boeke op die agterblad van 'n plaaslike koerant: Auras and How to Read Them (verkry die moontlikheid om "auras" te sien en te interpreteer), Soul Rescuers ('n gids vir die ontdekking en kommunikasie met die geesteswêreld), The Other Side and Back ('n reis na die dimensie waarheen ons gaan as ons sterf).

Baie volwassenes probeer naïewelik geestelike krag soek, maar sonder die Heilige Gees. Dit is maar net 'n klein stappie vanaf Harry Potter na eksperimentering met die okkulte. Ons moet nie die afgryslike realiteit van bose geeste en die gemors wat uit die Put opkom hanteer asof dit plesierig is nie. Dit is gevaarlik – op elke vlak. Ons moet ons kinders realisties leer: "Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers





van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly." (Ef. 6:11-13)

WêRELDBEELD

Ten tweede is die boeke nie geskryf vanuit 'n Christelike perspektief nie. Besoekers aan die verbeeldingswêreld van Narnia is in 'n storie met 'n Christelike wêreldbeeld. Aslan – wat nie die mak leeu is nie – word gevrees, omdat hy majestueus en almagtig is. Daar is niks vergelykbaars in Harry Potter nie. Dumbledore is waarskynlik die sterkste van die towenaars, maar hy gee ons nie 'n gevoel van verhewenheid nie.

Aansluitend hierby is ons nie regtig seker of Harry op die ou end sal wen nie. Gewoonlik skraap hy net-net deur met 'n bietjie hulp van sy vriende, maar, soos met alle moderne en postmoderne lektuur, is ons nie seker of die goeie op die ou end oor die bose sal triomfeer nie.

Kerknuus

Beroepe aanvaar

Springs – Proponent Mendel Retief het die beroep wat hy van die Vrye Gereformeerde Kerk Springs ontvang het, aanvaar.

Nederland – Twee oud-lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke wat in Kampen teologie gestudeer het, het onlangs beroepe aanvaar. Proponent Enno Meijer is op 1 Junie bevestig as predikant van die Geref. Kerk te Leens. Proponent Willem Griffioen, wat voorheen evangelisasiewerk in Belhar gedoen het, het die beroep na die Geref. Kerk Anna Paulowna aanvaar.

Ds. Bosman kry graad

Pretoria – Ds. Johan Bosman het op 15 Mei sy Th.M.-graad cum laude verwerf by die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Die titel van ds. Bosman se verhandeling was 'Pastoraat aan die Afrika-mens'.

Miskien kan die onchristelike basis van die boeke die beste in die volgende aanhaling gesien word. In *Harry Potter and the Prisoner of Azkaban* word ons voorgestel aan spookagtige kreature wat Dementors genoem word. Die Dementors is tronkbewaarders – hulle suig elke goeie gevoel en gelukkige herinnering uit jou uit. Die swaarste straf egter word in die volgende gesprek tussen prof. Lupin en Harry beskryf:

"You see, the Dementor only lowers its hood to use its last and worst weapon."
"What's that?"
"They call it the Dementor's Kiss," said Lupin, with a slightly twisted smile. "It's what the Dementors do to those they wish to destroy utterly. I suppose there must be some kind of mouth under there, because they clamp their jaws upon the mouth of the victim and—and suck out his soul."
Harry accidentally spat out a bit of Butterbeer.
"What ... they kill ...?"
"Oh no," said Lupin. "Much worse than that. You can exist without your soul, you know, as long as your brain and heart are still working. But you'll have no sense of self any more, no memory, no ... anything. There's no chance at all of recovery. You'll just ... exist. As an empty shell. And your soul is gone forever ... lost."

Dit lyk vir my asof dit baie ongesonde fiksie vir ons kinders is. Die Evangelie gaan oor die ewige bestemming van ons liggaam en siel. Die afskuwelike beskrywing van 'n siellose staat is ver buite die grense van die Bybelse perspektief van mense. 'n Klein bietjie van hierdie soort fiksie in die vormende jare, kan lei tot jare se verwarring. Dit moet vir ons genoeg waarskuwing wees, sodat ons met meer erns kyk na wie ons is en waarheen ons op pad is.

JK Rowling lag al die pad bank toe en sy gee nie om vir ons kinders se siele nie. Dit is verskriklik gevaarlik om ons kinders sonder toesig in die grenslose land van fiksie te laat rond wandel. Ons moet "elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" deur "vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God" (2 Kor. 10:5). Ons moet ons kinders goeie onderskeidingsvermoë leer. As ouer kinders die boek lees, moet Christelike ouers dit ook lees en hulle kinders help om hulle Bybelse onderskeidingsvermoë op te skerp.

WIE VERLOS?

'n Derde waarskuwing hou verband met die gees van selfverlossing. Ek kry die indruk dat Rowling ons vertel om te soek na die held binne onsself. Dieselfde beginsel, met 'n op-en-wakker wysie, word ook gebruik om sportmotors te verkoop. Met 'n bietjie hulp van sy vriende is Harry 'n held. Miskien is dit hoekom hy so populêr is. Stilweg, sonder bedoeling, op 'n natuurlike manier is hy 'n held. Daar is iets in ons wat trek na die heldhaftige. Ons wil almal helde wees.

Maar hierdie feit gaan reguit teen die Bybelse waarheid in. Ons is nie helde nie. Ons is die skurke. Ons is die rebelle. Ons het geval. Ons is nie daartoe is staat om onsself weer te herstel nie. Harry Potter is die maaksel van sondaars se drome. Net soos die bemanning van die Starship Enterprise – daar is min probleme wat hulle terug kan hou – watter hindernis hulle ook al mag raakloop in die heelal, kan verstaan en oorkom word. Dit is nie die perspektief wat ons kinders moet hê nie. Ons moet hulle leer om te kyk na 'n Verlosser – Een wat ons red van sonde en boosheid, wat ons siele verlos, en wat ons een dag as sondeloos voor die teenwoordigheid van sy majesteit sal stel. Stories moet op hulle plek gehou word. Hulle is stories. Waarheid is waarheid.

Die skrywer is 'n predikant in die Evangelical Presbyterian Church *van* Ierland*. Die artikel is oorgeneem uit New Horizons, die tydskrif van die Orthodox Presbyterian Church in Amerika, Maart 2001. Die vertaling is gedoen deur Karina Ijlst.* ¤

“So gou as moontlik na ’n gemeenskaplike teologiese opleiding!”

Dr. Arjan de Visser

ONDERHOUD

Prof. Jakob Geertsema van Hamilton, Kanada, was onlangs saam met sy vrou vir twee maande in Suid-Afrika. Tydens hierdie periode het hy lesings gegee aan die teologiese studente van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGK) en ook verskeie gemeentes besoek. Kort voor sy vertrek het ons prof. Geertsema uitgevra oor sy ervarings en sy visie op die situasie van die VGK.

Hoewel dit prof. Geertsema se eerste besoek aan Suid-Afrika was, het hy oor baie jare ‘n belangstelling vir ons land gehad. Hy was reeds ‘n gereelde leser van Kompas omdat die tydskrif in die biblioteek van die Teologiese Colleges in Hamilton beskikbaar is. Ook het hy laasjaar die boekie ‘Tog ‘n lig…’ gelees, sodat hy redelik op hoogte is met die geskiedenis van die Vrye Gereformeerde Kerke.

Daar was ook verlangse familiebande met Suid-Afrika omdat twee broers van prof. Geertsema se oupa in die 19de eeu vanuit Nederland na Suid-Afrika gekom het. Hulle het onder andere saamgeveg in die Anglo Boere-oorlog. Met ‘n kleinseun van een van die twee was daar in die verlede kontak per slakpos of e-pos. Dié verre neef bly in Potchefstroom, en die Geertsema’s het die geleentheid gebruik om hom en sy vrou te besoek en die familiebande te versterk.

Prof. Geertsema self is in Nederland gebore, het in Kampen gestudeer, en het daarna twee gemeentes gedien as predikant. In 1971 is hy saam met sy gesin na Kanada toe. Daar het hy drie gemeentes gedien voordat hy in 1986 deur die Kanadese kerke as professor in Nuwe Testamentiese studies aan die Teologiese Kollege te Hamilton benoem is. In 2001 het prof. Geertsema geëmeriteer.

Prof. Geertsema se besoek aan Suid-Afrika was nie vir vakansiedoeleindes nie. Gedurende die tweede maande dat hy hier was, het hy hard gewerk. Hy het klasgegee aan die teologiese studente van die Vrye Gereformeerde Kerke, sowel die blanke en die swart studente in Pretoria, asook die bruin studente in Belhar. Sommige studente het hy individueel begelei met die doel om hulle eksegetiese vaardighede op te knap. Verder het hy tydens gemeente-aande lesings gehou, op Sondae voorgegaan in eredienste, en heelwat gesprekke gevoer met predikante en studente.

Prof. Geertsema evalueer soos volg: “My besoek het die VGK en baie lidmate van die kerke baie nader aan ons gebring. Dit geld veral vir die predikante en die mense wat betrokke is by die opleiding van Dienaars van die Woord, by die Teologiese Skool en by die sending. Ek noem veral ook die studente. Met hulle het daar `n band gegroei wat, na ek hoop, per e-pos voortgesit sal word. So het ons `n goeie indruk gekry van die klein groep van Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit is vir ons duidelik dat daar by hulle `n roe-ping leef om troue Gereformeerde Kerke te wees en ook te bly, in hierdie land wat soveel veranderings deurmaak.”

STUDENTE

U het aan die blanke, die swart en die bruin teologiese studente klasgegee. Kan u ‘n bietjie meer vertel van u ervarings met die studente?

Prof. Geertsema: “In Pretoria het ek lesings aangebied aan `n gekombineerde groep van blanke en swart studente. Dit het my opgeval dat daar `n goeie verstandhouding was. Die studente het `n positiewe verhouding met mekaar. Hulle wil met mekaar een wees en saamwerk sonder dat daar spanning is. In gesprekke met studente is my indruk bevestig.

Die reaksies van die studente, sowel swart as blank, was sonder onderskeid waarderend. Dit is duidelik dat hulle almal die Gereformeerde tradisie en erfenis erken en daarmee ook verbonde voel. Hulle wil Skrifgetrou wees, teenoor ‘n kritiese benadering. In Kaapstad het ek slegs kleurlingstudente gehad. Ook daar was dieselfde waardering vir ‘n antitetiese Gereformeerde benadering van teologiese studie.

Prof. en Mev. Geertsema

Ek het ook ‘n meditasie oor die boodskap van Paulus aan die Kolossense by Mukhanyo College gepresenteer, asook ‘n lesing oor die oprigting van die Vrye Universiteit in 1880 as ‘n Christelike universiteit op basis van gereformeerde beginsels, antiteties teenoor Skrifkritiek.”

Het dit goed gewerk om lesings aan ‘n gekombineerde groep van blanke en swart studente aan te bied, of was daar probleme met taalverskille of met verskillende vlakke van opleiding?
Prof. Geertsema: “Ek het nie agtergekom dat daar probleme was met die taal nie. Die eerste taal van die studente was verskillend – Afrikaans vir die blanke en die bruin studente, Sotho vir die swart studente – maar niemand het probleme gehad om die lesings te volg wat in Engels aangebied is nie. Dit is `n goeie ding vir `n land waar Engels al hoe meer die gemeenskaplike omgangstaal word.”

TEOLOGIESE OPLEIDING
Soos u weet, word die blanke, die swart en die bruin studente van die VGK tans almal nog apart opgelei. Die laaste Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke het egter besluit dat daar in die toekoms een teologiese opleiding vir al die studente moet wees. Die vraag is hoe vinnig hierdie proses van eenwording van die opleidings moet plaasvind. Is dit ‘n proses wat oor vyf tot tien jare kan strek, of moet dit binne enkele jare gerealiseer word? Ons hoor graag u mening.
Prof. Geertsema: “Die besluit van die laaste sinode om een volledige, gesamentlike opleiding te hê vir al die studente is nie alleen `n goeie besluit nie, maar ook die regte Gereformeerde, Skriftuurlike een. Want ons lees in 2 Tim. 2:2 dat Paulus die volgende opdrag aan Timótheüs gee: “Wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer…” Hier ontvang, in die persoon van Timótheüs, die kerk die opdrag om die Skrifte van die Ou en die Nuwe Testament trou te bewaar en deur te gee aan die volgende geslagte. Hierdie opdrag het veral met die leer-amp te make. In die Gereformeerde kerke is dit altyd konkreet toegepas deur die stigting en instandhouding van `n teologiese skool vir predikante, soos ook vasgelê in artikel 19 van die Dordtse Kerkorde.

Hierdie opdrag is des te meer dringend as ons besef dat die Gereformeerde Kerke die waarheid van die Skrifte op twee fronte moet verdedig: aan die een kant die liberale visie op die Skrifte as woorde van mense, en aan die ander kant die evangeliese benadering waar die nadruk lê op menslike spiritualiteit en die geloof van die mens. Aan al twee kante word die antitetiese stryd vir die (Gereformeerde) leer van die Skrifte verwerp of as onbelangrik geag.

‘n Volledige eenheid in dieselfde Gereformeerde opleiding vir alle teologiese studente is ook dringend noodsaaklik met die oog op die hegte eenheid van die kerke. Solank daar verskillende opleidings is, word die eenheid van die kerke in die een kerkverband nie bevorder nie. Dit sal juis onenigheid bevorder en ‘n verswakking van die gesamentlike roeping om trou te bly aan die Skrif en die belydenis. Juis vanweë hierdie eenheid moet die een opleiding vir alle studente saam so gou as moontlik tot stand kom.”

DOSENTE
Is dit noodsaaklik dat daar voltydse dosente moet wees?
Prof. Geertsema: “As ek praat van `n eie opleiding, dan bedoel ek `n opleiding met voltydse dosente. Dit sou ideaal wees as `n mens met drie voltydse dosente kan begin: een vir Ou Testament, een vir Nuwe Testament, en een vir Dogmatiek-Etiek (die departement van die Gereformeerde leer van die kerk).

Hoekom juis hierdie vakke?
‘n Predikant moet elke Sondag die Woord van die Heer aan sy volk verkondig. Daarom moet toekomstige predikante leer om die Ou en die Nuwe Testament te lees in die oorspronklike tale en om dit op die regte manier te verklaar. Hulle moet daardie Woord “reg sny” en dit so na die gemeente toe bring. Daarom moet daar elke week goeie studie gemaak word van dit wat geskrywe staan. Verder is dogmatiek baie belangrik want daar moet ‘n goeie en grondige begrip van die leer van die Skrifte wees, soos wat dit in ons kerke bely word.

Voorlopig kan die dosent Kerkgeskiedenis en Kerkreg en die dosent vir Amptelike Vakke hulle tyd verdeel tussen die opleiding en die gemeente of die sending. Of miskien kan op ander maniere die werk verdeel word. So is dit vanaf 1968 in die Canadian Reformed Churches gedoen. Daar is begin met drie voltydse dosente en eers in 1990 is ‘n vierde dosent aangestel.”

Daar is tog ook die vraag na die realiteit. As u as ‘n objektiewe waarnemer na die Vrye Gereformeerde Kerke kyk, is ons nie veels te klein en te swak (ook finansieel bv.) om so ‘n groot projek aan te pak nie?
Prof. Geertsema: “Die realiteit van die Vrye Gereformeerde Kerke is dat hulle klein is, sowel die blanke kerke as die kerke wat uit die sending ontstaan het. Dit is so. Die middele lyk ontoereikend te wees. Maar is die middele van die Here ook ontoereikend? Die antwoord is duidelik. Dit was nog altyd so gewees dat as ons iets doen in die diens van die HERE, omdat ons oortuig is dat dit nodig is, dat dit ons roeping is, dat die HERE wat roep dan ook die middele sal gee.”

Wat kan die kerke doen om te verseker dat daar in die toekoms teoloë beskikbaar sal wees wat bekwaam is om klas te gee aan die teologiese opleiding?
Prof. Geertsema: “Bemoedig en stimuleer die predikante en studente wat duidelik gawes het om te kan verder studeer, om daarmee voort te gaan. Laat hulle hul gawes op `n wetenskaplike terrein ontwikkel. Dit kan offers vra die gemeentes, en dit sal sekerlik van die predikante en die studente op

die kort termyn offers vra, maar op die lang termyn sal dit vrugte oplewer.

Dit sal beteken dat daar nie eie belange gesoek word nie, en dat dit aanvaar word as ‘n ander meer talente het. Op objektiewe wyse en in selfverloëning moet die beste gesoek word vir die kerke, ter wille van die HERE en sy saak, sy koninkryk, in hierdie land. Sodanige selfverloëning sal die vrug van waardering oplewer, en ook die Here se seën.



Prof. Geertsema in gesprek met een van die studente

Dit is ‘n saak van wysheid as die beste talente op die beste plekke ingespan word. Dit is ook ‘n saak van wysheid as besluite gesamentlik en in oorleg geneem en uitgevoer word. Dit getuig ook van wysheid as daar vooruitgesien word, verby die kort termyn na die langer termyn. Dit beteken dat jong talent in studente ontwikkel moet word solank as wat dit moontlik is, voordat die pastorie betrek word. Want as ‘n mens eers in die pastorie beland het, is dit moeilik om verder te studeer.

EIE SITUASIE

As u die situasie van die VGK met die van susterkerke in die buiteland vergelyk, is daar vir u opvallende verskille, of juis ooreenkomste?

Prof. Geertsema: “‘n Vergelyking van die Vrye Geref. Kerke in Suid-Afrika met susterkerke in die buiteland bring ooreenkomste aan die lig, en ook een baie groot verskil. Die ooreenkoms is dat al hierdie kerke hulle wortels het in die Vrymaking van `n sinodale juk wat die kerke bo God se Woord en die belydenis wou bind. Die ooreenkoms is dat Woord en belydenis ons saam verbind.

Wat die verskille betref, sou daar allerhande sake genoem kon word, soos bv. die grootte van die kerkverbande. Maar daar is een baie belangrike verskil wat te doen het met die situasie van die land. Tot onlangs was hierdie land wat die regerende en ekonomies beheersende klas betref, ‘n blanke land terwyl die groot meerderheid van die bevolking uit swartmense bestaan het, met nog die Indiër- en kleurlingbevolkingsgroepe daarby. Vandag is die regering in hande van die swartmense, en hulle beheer ook al hoe meer die ekonomiese en sosiale aspekte. Verder is die amptelike tale nie meer Afrikaans en Engels nie, maar meer Engels, terwyl Afrikaans op dieselfde vlak staan as die verskillende Afrikatale. Engels is die algemene omgangstaal. Die gevolg is ‘n dramatiese verandering wat vir die Afrikaners en ander blankes, asook die kleurlinge, nie as ‘n aangename verandering beleef word nie. Inteendeel.

Tog glo ons as gelowiges dat God alle dinge, ook die geskiedenis van mense en volke, bestuur. Dit geld ook vir die geskiedenis soos wat dit die afgelope jare in hierdie land plaasgevind het en nog steeds verder ontwikkel. Hierdie omstandighede bepaal baie sterk die plek en taak van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In hierdie situasie moet hulle kerk van Christus en vir Christus wees. En dit is tot ‘n groot mate ‘n sendingsituasie. ‘n Groter getal swartmense in die land lei tot ‘n groter getal swart (sendings)gemeentes. Die getal blanke gemeentes is klein (6), terwyl die getal swart gemeentes, as die Here die sendingwerk seën, binne enkele jare meer as die getal blanke gemeentes sal wees.

In die groep studente vir wie ek in Pretoria lesings gegee het, was daar drie tot vier blanke studente en sewe tot agt swart studente. Volgens een van hulle, met wie ek oor hierdie dinge gepraat het, is daar in hierdie stadium nog meer seuns in die sendinggemeentes wat te kenne gegee het dat hulle ook dienaars van Gods Woord wil word. As hierdie ontwikkelinge so voortgaan (en ons hoop en bid dat dit so sal wees) sal die Vrye Gereformeerde Kerke ‘n federasie van hoofsaaklik swart Gereformeerde Kerke word.

Na my mening is dit in hierdie situasie ‘n moedige, asook ‘n noodsaaklike, beslissing van die sinode van verlede jaar dat die blanke en die swart kerke een federasie sal vorm. So moet dit wees in die huidige, deur God se voorsienige leiding ontstane situasie. Saam Gereformeerde kerke wees wat een federasie vorm, met ‘n eenheid wat op Skrif en belydenis gebaseer is. Dit, en slegs dit, sal die fondament van eenheid moet wees. En daarom moet daar die een opleiding wees met en op dieselfde fondament.

Die situasie in Nederland is anders. Die situasie in Kanada-Amerika en in Australië ook. Die Australiese kerke kan goed saamwerk met die Kanadese teologiese opleiding. Maar die situasie van die Suid-Afrikaanse kerke is anders. Veral in die lig van die situasie met die sendinggemeentes het hulle geen ander keuse nie as om hulle eie Teologiese Opleiding te hê.

Dan kan daar ‘n hegte federasie van gemeentes groei, wat saamstaan op die een basis van Skrif en belydenis, in onderworpenheid aan die volle Woord van God.” ¤

“COUNTRY OF MY SKULL”

T de Wit

SAMELEWING

“Die verbrand van ’n liggaam op ’n oop vuur vat omtrent sewe uur. Terwyl dit aan die gang was, het ons gedrink en gebraai, langs die vuur … teen die oggend het ons deur die as gehark, om te sien of daar nog reste van bene of tande oor was. Daarna het elkeen sy eie gang gegaan.” Uit “Country of my Skull”, bls 60, aanhaling van Dirk Coetzee, ’n Vlakplaas topman (vertaal).

“Daar is nêrens ’n opdrag tot versoening tussen gelowige en ongelowige nie. Die vraag bly of so iets moontlik is. Die plig van die gelowige is om, as dit moontlik is, sover dit van die gelowige afhang, in vrede met alle mense te lewe, en dit is sover die opdrag gaan. God self verbied die jukgenootskap tussen gelowige en ongelowige. Dit hou in dat die kerk of ’n gelowige nie met die owerheid of nie met ’n ongelowige saam mag span ten einde enige doel te bereik wat in stryd met die Skrif is nie…” Uit “Skriflig op kerk en volk”, 1998, Hersiene uitgawe, uitgegee in opdrag van die APK sinode 1995, bls 67.

Einde laasjaar het die tweede druk verskyn van die boek “Country of my Skull”. Hierdie boek is ’n verslag geskryf deur Antjie Krog oor die werksaamhede van die “Waarheids- en Versoeningskommissie” (WVK). Sy was in die tyd dat die kommissie sy werk gedoen het, verslaggeefster vir die SABC en was omtrent daagliks op die radio met nuus en onthullings. As u dus herinner wil word aan sommige dinge wat gebeur het in ons land in die tydperk voordat die ANC ontban is, kan u maar gerus hierdie boek lees. En dan praat ons van gebeurtenisse oor die hele spektrum soos: barbaarse teregstellings in lokasies, martelings in tronke en in huise, en baie ander vuil wasgoed wat aan die lig gekom het.

As skryfster en digteres, het sy van die boek baie meer gemaak as net ’n kroniek. Die boek bevat familieverhale (haar eie familie), is ’n dagboek, vertel van die impak van al die onthullings op die mense wat betrokke was, en is soms selfs poëties. Maar ten diepste is die boek ook ’n soektog na haar eie identiteit, haar Afikaanse identiteit. Die boek se titel is dan ook “Country of MY skull”. In ’n gesprek met Ariel Dorfman, wat betrokke was by die Waarheidskommissie in Chili sê sy: “Was Apartheid die produk van een of ander verskriklike tekortkoming in die Afrikaner kultuur? Sou mens die sleutel hiertoe kon vind in Afrikaanse liedere en literatuur, in bier en braaivleis? Hoe kan ek leef met die feit dat al die woorde wat gebruik is om te verneder, al die bevele wat gegee is om dood te maak, aan die taal behoort van my hart? By die verhore het baie van die slagoffers hierdie dele van hulle verhaal getrou in



Afikaans weergegee, as bewys van ’n bloedige vingerafdruk” bls 238.

Op bls. 96 het sy ook reeds genoem: “In sekere sin vra hierdie manne nie vir amnestie nie, maar dis ’n kultuur wat vir amnestie vra”. Want hierdie manne, die Vlakplaasmanne, hoe het hulle gekom aan hul kultuur van haat en moord? En tog, “hoekom probeer ek aan hierdie kwaad ’n menslike gesig te gee?” Die rede is haar eie gevoel van skuld. Skuld aan die verlede. Sommiges het die pad verder gestap as andere, kom sy tot die konklusie op bls. 99. Die Vlakplaasmanne het dit baie ver gestap, sy self minder ver.

IDEOLOGIE EN GRUWELDADE

‘n Mens kan jou self egter afvra: moes die ideologie van Apartheid lei tot die gruweldade waarvan ons in die boek lees? Is daar ’n verband tussen Apartheid en iets soos beskryf in die aanhaling aan die begin van Dirk Coetzee? Daar is ook folterverhale in die boek wat uit die ANC-hoek kom, uit die townships, die moord op Stompie Seipei en baie meer. Moes die ideologie van die ANC noodwendig lei tot ‘necklaces’, tot vermoor van die ‘informers’ en tot baie ander dinge? Of in die algemeen gestel, is dit moontlik om ’n ideologie geskei te hou van die dade wat plaasvind binne ’n samelewing waar die ideologie toegepas word? As dit byvoorbeeld oor die ideologie van Nasionaal-Sosialisme of Kommunisme gaan, is ons antwoord dalk vinnig gegee: dit was mos goddelose denkbeelde, dit moes wel lei tot alles wat gebeur het in Duitsland en Rusland. Maar Apartheid, dit het mos ’n Christelike stempel op gehad? Hier kan die verband mos nie so direk wees nie.

Dit is dan ook hierdie rigting wat die tweede aanhaling aan die begin – die aanhaling uit die APK sinode-rapport – lyk aan te dui. Versoening sou iets wees wat net kan plaasvind tussen gelowiges. Dit gaan dus oor dade wat mense gedoen het, en as dit verkeerd was, sal die lig van die Skrif moet skyn oor hoe daar versoening sal moet kom tussen die oortreder en die slagoffer. Antjie Krog gee nie baie blyk daarvan dat sy ’n Christin sou wees nie, maar dit wil voorkom dat sy verder kom met die verwerk van die verlede as wat die opstellers van die sinodeverslag gekom het. ‘n Mens kan die onreg van die verlede tog nie wegsteek agter aanhalings uit die Bybel nie? Of om PW Botha aan te haal, toe hy voor die WVK getuig het: “Ek is nie ’n dwaas nie. Ek het baie foute gemaak, maar ek vra God op my knieë dat die lig mag deurbreek. ’n Afrikaner gaan nie op sy knieë voor mense nie, hy doen dit voor God”, bls 266.

Ja, 'n mens sou kon debatteer of versoening tussen mense moontlik is as dit bewerk word deur 'n neutrale kommissie soos die WVK. Hierdie boekbespreking het nie die doel om hierdie diskussie te begin nie; die boek self doen dit ook nie. Maar 'n mens kan tog seker nie, terwyl jy hieroor diskusseer, of hierdie moontlikheid al verwerp het, sommer tegelyk die onreg van die verlede van die tafel skuif nie? Antjie Krog wil juis die verlede bekend stel, sy doen dit op haar eie manier, en kom agter dat sy self ook deel van die verlede is. En so tussen die verhore en onthullings deur probeer sy met haarself in die reine te kom, terwyl sy sterk verbonde voel met Afrika, Afrikaners en Afrikaans.

Na aanleiding van: Antjie Krog, "Country of my skull", 2e druk. Uitgegee deur Random House, Johannesburg, 2002.
ISBN 0-9584196-6-6 ¤

'AGGRESSIWITEIT' IN SEUNS

Frits Raimond

REAKSIE

Ds. Rob Visser het in 'n brief gereageer op my artikel oor "Vaders en seuns" in die Junie-uitgawe van *Kompas*. Na aanleiding van sy reaksie wil ek graag 'n regstelling maak om moontlike misverstande te voorkom. Want dit het my weer geleer hoe gevaarlik dit is om gedeeltes uit 'n boek vry te vertaal, en in jou eie woorde weer te gee.
Ek het naamlik die woord 'aggressive nature' vertaal met 'aggressiwiteit'. Dr. James Dobson verwys twee sinne verder, op bladsy 39 van sy boek, na dieselfde eienskap van seuns met die term "that assertiveness".
Toe ek in die *Collins Pocket Dictionary* gaan soek het, kry ek vir die woord 'aggressive' drie verskillende betekenisse:

1. ready to fight, quarrelsome
2. ready to engage in direct action
3. bold and active

Ds. Visser het gedink aan die eerste betekenis van daardie woord in sy reaksie op my artikel, en hy het heel tereg gevra of aggressiwiteit in seuns dan 'n vrug van die Gees kan wees.
My bedoeling, soos blyk uit die konteks waarin dit gebruik word, is natuurlik die derde betekenis van die woord.
Maar die "HAT" ken slegs die eerste betekenis van die woord aggressiwiteit. En dit is waar die misverstand ingekom het.
"Stoutmoedig en bedrywig", dit is ongeveer wat ek met die woord aggressiwiteit bedoel het. ¤

DIE GESAG VAN DIE SKRIF IN DIE 21STE EEU

Prof. J. van Bruggen

AKTUEEL

Mense wat vandag die Bybel lees, doen dit as mense wat ingelig is oor die resultate van die moderne wetenskap. Watter invloed het dit vir die leser se houding ten opsigte van die Bybel? Is die wêreldbeskouing van die Bybel nie so verouderd dat mense van die 20ste en 21ste eeu dit nie meer kan aanvaar nie?

In ons tyd het baie mense die gevoel dat die Bybel 'n verouderde wêreldbeskouing hanteer – naamlik die gedagte dat daar 'n bo- en 'n onderwêreld sou wees: 'n hemel en 'n hel. Omdat die inhoud van die Bybel nou verweef is met hierdie wêreldbeskouing, lyk dit asof baie Bybeltekste nou nie meer ernstig opgeneem kan word nie.

Laat ons egter versigtig wees. Om mee te begin moet ons oppas dat ons sekere uitdrukkings in die Bybel nie oorlaai asof dit wetenskaplike uitsprake sou wees nie. Die Bybel gebruik, net soos wat mense vandag doen, waarnemingstaal. Ons sê vandag ook nog dat die son opkom en ondergaan, ook al leef ons met 'n wêreldbeskouing waarvolgens die aarde om die son draai. As die Bybel praat oor 'n son wat opkom, is dit nie op grond van 'n (intussen uitgediende) wetenskaplike model nie maar op grond van algemeen menslike waarneming.

In die tyd van die ou beskawings was daar *rééds* hipoteses wat vergelyk kan word met die model van 'n aarde wat rondom die son beweeg. Daardie modelle was nie konstant nie en is dikwels aangepas. Naas 'n geosentriese model[1] is daar in die hellenistiese tyd reeds `n heliosentriese model[2] ontwikkel. In die Skrif vind ons nie een van beide modelle nie. Die Bybel praat waarnemingstaal wat universeel is vir alle mense. As die Bybel praat oor 'n hemel en 'n hel, is dit dus nie omdat die mense van daardie tyd gedink het dat die aarde plat is nie. Die Bybelse boodskap oor die hemel van God en die buitenste duisternis is nie die vrug van 'n primitiewe wêreldbeskouing nie. Inteendeel, dit is 'n ernstige boodskap vir alle mense, wat ook al hulle wêreldbeskouing mag wees.

KONFLIK MET WETENSKAP?

Die vrae bly maar opduik, vrae soos: Is daar dan nie 'n konflik met baie dinge wat intussen deur die wetenskap ontdek is nie? As ons al die wetenskaplike kennis wat tot 'n moderne wêreldbeskouing gelei het in ag neem, beteken dit nie dat die Bybel in ons tyd slegs 'n beperkte betekenis het nie? Kan ons die skeppingsverhaal van Genesis 1 in hierdie tyd nog ernstig opneem?

As ons hierdie vrae wil beantwoord, moet ons nie in die slaggat van absolute teenstellings trap nie. Dit is natuurlik waar dat die betekenismoontlikhede van ‘n teks ook deur buite-tekstuele agtergrondsfeite belig word. As Paulus van Milete na Caesarea reis, weet ons dat hierdie reis langer as ‘n halwe dag moes geneem het. As ons tekste lees, vergelyk ons dit voortdurend met die kontroleerbare werklikheid wat ons ken. Daar is egter ‘n grens: As daar ‘n konflik is tussen die betekenis van die teks en die beperkings wat die werklikheid of die wetenskap oplê, moet die teks prioriteit kry.

Onder normale omstandighede mag ons aanvaar dat ‘n profeet of apostel in ‘n periode van veertig dae reëlmatig geëet het, anders sou hy gesterf het. Maar as Elia ‘n reis van veertig dae en nagte onderneem met een maaltyd agter die blad, en as die teks benadruk dat dit sy enigste maaltyd was (1 Kon 19:8), dan mag ons nie sê dat die betekenis van die teks verouderd is omdat geen mens volgens ons biologiese kennis vir veertig dae en nagte kan reis, sonder om nuwe voedsel in te neem nie. Ons mag wel sê dat daardie voedsel buitengewone krag moes gehad het, of dat God ‘n buitengewone werking in Elia laat plaasvind het.

As ‘n uitlegger nie meer daarvoor oop is om in ‘n teks iets te lees, wat heeltemal onverwags en wat volgens sy wetenskaplike idee onmoontlik is nie, dan slaan hy homself met leesblindheid.

SONSTILSTAND

Die feit dat die son stilgestaan het by Gibeon en die maan by Ajalon, kan vir die hedendaagse mens as baie onwaarskynlik voorkom. Die implikasies van so ‘n stilstand in die hemelliggame is immers so groot, dat dit amper ondenkbaar is dat die wêreld daarna nog kan voortgaan om te beweeg. Gevolglik is daar uitleggers wat beweer dat dit slegs ‘by wyse van spreke’ was dat die son en die maan stilgestaan het. Daarmee doen hulle egter die bedoeling van Josua 10:12-14 onreg aan. Ons mag nie toelaat dat buite-tekstuele inligting op hierdie manier die bedoeling van die teks oorheers nie. Ongelowige Bybeluitleggers het dikwels ‘n goeie aanvoeling daarvoor. Hulle verduidelik wat die boek Josua bedoel het om te sê, en dan trek hulle hul skouers op. Hulle glo dit nie. Ook dit is natuurlik ‘n oorskatting van die eie insig, maar ten minste sluip hulle eie insig nie as ‘n leesvoorwaarde in die hermeneutiek in nie.



‘n Verklaarder van die Skrif moet altyd noukeurig nagaan in hoeverre die teks ‘n beperking vanuit buite-tekstuele inligting toelaat. Hy moet egter oop oë hê vir die geleenthede waar die Bybelse teks hom nie laat inperk nie. Dit is ‘n goeie beginsel is om jou leesbril gereeld skoon te vee, maar dan moet ‘n mens nie in plaas daarvan ‘n oogklap aansit nie.

BEDOELING

Daar is nog ‘n ander manier waarop die gesag van die Bybel ondermyn word. Dit gebeur wanneer mense sê dat ons ons moet beperk tot die verstaan van die *bedoeling* van die Bybelskrywers. Die voordeel sou dan wees dat ‘n mens baie tekste kan ignoreer en slegs die kern of bedoeling daarvan behou (dikwels word dit die ‘skopus’ of die fokuspunt van die teks genoem).

Dit is ongetwyfeld so dat die Bybel as geheel ‘n skopus het: naamlik dat die eer van God mag toeneem deurdat sondaars in Christus behou word en dat hulle leer om ‘n heilige lewe in hierdie wêreld te lei. Die Bybel het sekerlik ‘n bedoeling en dit is nie om ‘n soort van kennisensiklopedie te wees nie.

So het ook elke onderdeel binne die Bybel ‘n gerigtheid of skopus. Die verhaal van Dawid en Goliat wil vir ons leer dat die HERE ons deur die geloof alleen bevry. Dit is nie vir ons gegee sodat ons kan weet hoe reuse in die ou dae gelyk het nie.

Ongelukkig word hierdie skopusbegrip egter dikwels gebruik om die res van die teks van die tafel af te vee. Asof die stelling dat ‘n mens veral leef deur die klop van sy hart, ‘n verskoning sou bied om dus sy arms en bene te kan afkap. Dit is ongelukkig presies wat dan met die Bybel gedoen word.

Daar word gesê: “Die Bybel is nie `n handboek vir die wetenskap nie.” Dit is natuurlik so. Maar in die naam van die heilskarakter van die Bybel, word daarna die onheilige gevolgtrekking gemaak dat die Bybel dus geen betekenis vir die wetenskap het nie. Dit is `n stelling waarvoor ons in ander omstandighede sou skrik. Asof `n persoonlike briefwisseling nie ook baie belangrike inligting vir die geskiedskrywing van `n land of `n wêrelddeel kan bevat nie. Asof `n ou reisverslag nie toevallig inligting oor die werking van sekere kruie kan bied waarmee die mediese wetenskap sy wins kan doen nie. Daar is baie dinge wat saamdryf met die stroom van die rivier! Daar is baie dinge in die Bybel waarvan ons nie sê dat dit tot die kern of die hoofbedoeling behoort nie, maar wat tog daarmee saamkom en wat ook betroubare inligting is.

Ons kan ook nie sonder hierdie ekstra inligting klaarkom nie. In die eerste plek alreeds in die eksegese. As Goliat nie ‘n reus was nie, en as daar in daardie tyd nie reuse was nie, dan raak die skopus van hierdie verhaal verlore. Want wat is dan basies nog die krag van die geloof? En verder het ons hierdie tipe ekstra inligting ook nodig by buite-Bybelse toepassings.

SKRIFGEGEWENS EN WETENSKAP

By hierdie laaste punt dreig daar twee gevare. In die eerste plek kan dit gebeur dat 'n mens, deur slegs op die skopus te konsentreer, blind raak vir Skrifgegewens wat belangrike inligting bied vir wetenskappe, soos bv. die taalwetenskap (die spraakverwarring), volkekunde (die voorkoms van reuse, die nageslag van Sem, Gam en Jafet), geskiedeniswetenskap (die periode voor die sondvloed), ensovoort.

Die tweede gevaar is egter dat die teenoorgestelde gebeur: Vanweë die strewe om 'n volledig Christelike model vir een van hierdie wetenskappe te ontwerp, word die skopus van 'n teksgedeelte vergeet en word daar te veel van onderdele van die teks gemaak. 'n Mens kan nie 'n Bybelse psigologie, geologie, linguïstiek, en so meer bou op die skaarse en insidentele inligting wat toevallig in teksgedeeltes voorkom nie. Hierdie gegewens het wel 'n sekere gesag wat hulle moet uitoefen. Maar dan eerder in 'n *kontrole* funksie. As 'n wetenskap in stryd is met Bybelse gegewens, is die wetenskap blykbaar verkeerd of dit moet deur verfyning gekorrigeer word.

Dit kan bv. gebeur dat die geologiese wetenskap op grond van sekere teorieë uitsprake doen oor die ouderdom van die menslike geskiedenis, en dat daardie uitsprake in konflik is met die skepping van hemel en aarde in ses dae en met die skepping van Adam en Eva as die ouers van die hele mensdom. In so 'n geval het die wetenskap te ver gegaan. Vir 'n Christen is die lig dan op rooi en sal hy probeer vasstel waar die wetenskap 'n fout gemaak het. Miskien kan die fout nie ontdek word nie en bly die aansprake van die geologie en van die Bybel onversoenlik teenoor mekaar staan. Dan moet 'n mens kies: Laat jy jou lewensrigting deur die teoretiese modelle van die moderne wetenskap bepaal? Of laat jy jou lewensrigting deur die openbaring van die Skrif beheers?

Dieselfde kan in die politikologie of polemologie gebeur as die analise van magsverhoudings lei tot aanbevelings oor die gebruik van wapens wat gemaak is om onskuldige mense dood te maak en wat groot woude totaal en al van hulle blare stroop. In so 'n geval ontstaan daar 'n duidelike konflik met wat die Skrif leer oor die reg van die owerheid om kwaaddoeners te straf en regverdiges te seën. Die lig word dan weer eens rooi. Die vraag moet dan gestel word: Waar het dinge in ons polemologie, of dalk in ons westerse kultuur, so skeef geloop dat *ons* heeltemal die spoor byster geraak het? 'n Skrifverklaarder moet altyd nougeset die skopus van die teks en die funksie van al die onderdele van die teks bepaal. Sy blik raak egter vertroebel as hy slegs deur die bril van die skopusbegrip kyk. Hierdie tonnelvisie kan maklik tot algehele leesblindheid lei.

In ons generasie is daar mense wat begin het met die beginsel om hulle slegs tot die sogenaamde skopus van die Bybel te beperk. Die gevolg is dat hulle vandag niks meer in hierdie 'boek van gister' sien nie.

---

[1] Geosentries: 'n model waarvolgens die son en die planete om die aarde draai.

[2] Heliosentries: 'n model waarvolgens die planete om die son draai.

Hierdie artikel – die tweede in 'n reeks van drie – is 'n vertaling van 'n deel van hoofstuk 2 van die boek 'Het kompas van het christendom' van dr. J. van Bruggen, uitgegee deur Kok, Kampen, 2002 (bl. 74-79). Die outeur en die uitgewer het toestemming gegee vir vertaling en publisering in Kompas. Oorname van hierdie artikel is slegs toegestaan met toestemming van die uitgewer. Die vertaling is gedoen deur dr. AJ de Visser en ds. P. Nel. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Uit die hand van Ds Eugene Viljoen het 'n prekebundel verskyn met die titel: "Geloof: Kennis en Vertroue'. 52 Preke oor die Heidelbergse Kategismus. R70

LEVEND GELOOF (E Nieland – van Veen) is 'n Bybelstudie oor die Brief van Jakobus. 'n Baie aktuele brief! 86 bls. R67.

ROOSENBRAND, J W: Drie brieven van Johannes het in die reeks 'Bijbelstudie Compact' verskyn wat uitgegee word deur De Vuurbaak. Onderverdeel soos volg:

1) Aanstekelijk enthousiasme (1:1-4)
2) God, enkel Licht (1:5 – 2:27)
3) Met een volslagen goed geweten (2:28 – 3:24)
4) Liefde (hfst 4)
5) Vol verwachting (hfst 5)
6) Waarheid en liefde (2 en 3 Johannes)

Met besprekingspunte. 61 bls. R46

In dieselfde reeks het ook verskyn: DROST, H: Israëls twaalftal. Met onder meer die volgende bybelstudies: Simeon en Levi, de wrede wrekers; Juda, de koninklijke leeuw; Dan, de valse slang; Gad, de stoere strijder; Jozef, het kind van Gods raad; Benjamin, de woeste wolf. 61 bls. R47

POORTINGA, P: Ester
Onderwerpen: De voorzieningheid van God; antisemitisme; het purimfeest; kerkverlating; en ook de vraag of God de zonde gebruikt om zijn plannen uit te voeren. 56 bls. R47

OPHOF, J: Ruth
Die tyd van die rigters. 'n Moeilike tydperk in die geskiedenis van Israel. Vol moeilikhede en ongeloof. Twee vroue vertrek uit Moab, saam gaan hulle op pad Betlehem toe. Twee baie arme vroue – tot hulle die genade van die God van Israel sien en ervaar. 48 bls. R47

SAMEWERKING IN DIE AMPSDIENS (I)

ds Rob Visser

LEER EN LEWE

Die samewerking tussen die diakens, ouderlinge en leraar is 'n belangrike onderwerp wat die opbou van Christus se gemeente raak. As daar binne die kerkraad gestry word oor wat die een of die ander se werk is, doen dit aan die opbou van die gemeente skade. Daarom is dit die moeite werd om daaroor na te dink wat elkeen se werk as diaken, ouderling en leraar is. Hoe moet 'n mens as diaken met die ouderlinge en die leraar saamwerk?

Ons sal ook aandag moet gee aan die vraag wat die plek van die diaken in die kerkraad is. Behoort die diaken nou by die kerkraad of is hy daarvan nie werklik deel nie? Somtyds is die siening voorgedra dat die diakens in alles deel van die kerkraad behoort te wees en dat die kerkraad altyd saam moet vergader. Ander het vanuit die verskil in ampte juis tot 'n ander gevolgtrekking gekom. Dit is goed om saam weer hierna te kyk en saam na die geskiedenis, die Skrif en die belydenis te kyk.

SAMEWERKING IN DIE GESKIEDENIS

Toe die kerkverband van Gereformeerde Kerke in die tyd van die Reformasie in die Nederlande begin ontstaan het, was daar aandag vir die samewerking tussen diaken, ouderling en leraar. Ons sien dit by die eerste vergaderinge wat tot die kerkverbandelike samewerking lei. Die eerste vergadering waar die kerkverband vorm begin kry het, was die konvent van Wesel in 1568. Die artikels wat daar oor diakens se werk opgestel en aangeneem is, praat van twee soort diakens. Die eerste soort diakens het as taak om die geld in te samel en uit te deel. Van die ander soort diakens lees ons in hoofstuk V die artikels 6,7 die volgende:

Art. 6 "Het ander deel zal meest bezig zijn omtrent zieken, gekwetsten, gevangenen, dewelke niet alleen moeten getrouw en vernuftig zijn, maar ook begaafd met ongemene kennis van vertroosting, en van Gods Woord, en naarstiglijk van de ouderlingen vernemen, wat hoe vele zieke en zwakke lidmaten in hun wijken zijn, die met troost dienen ondersteund te worden."

Art. 7. "Die ziek te bed liggen, zullen hun ziekte door de diakenen of ouderlingen de predikant aandienen, opdat of hy self des noods zijnde, tot hen komen en uit Gods Woord vertrooste, of de ouderlingen, of diakenen dat aanbevele, als het hem door andere openbare zaken van groter gewicht verhinderd zijnde, niet gelegen komt."

Hier is dit reeds duidelik dat vanuit die staanspoor die Gereformeerde kerkverband aandag aan die samewerking tussen die ampsdraers gegee het. Ons sien dit ook by die Sinode van Dordrecht 1574. Ons lees daar in art. 34:

"Aangaande de uitdeling der aalmoezen, wien en hoeveel, dat zal staan in de diskretie der diakenen, die tot dien einde hun vergaderingen houden, opdat ze niet doen sonder malkanders advies in ordinaire zaken, en in gewichtige zaken zal het wel staan, dat ze de raad der konsistorie gebruiken."[1]

Ons sien hier dat die onderskeid tussen die vergaderinge van ouderlinge en leraars aan die een kant en aan die van diakens aan die ander kant, amptelik toe al bestaan het. Daar is aanduidings dat dit in baie gevalle nog nie werklik gefunksioneer het nie en die onderskeid tussen ouderlinge en diakens nog baie klein was. Dit het in die 17de eeu selfs wel gebeur dat dieselfde persoon ouderling en diaken was.[2] Dit is seker dat in die tyd daarna die onderskeid tussen die amp van diaken, ouderling en leraar al hoe meer in verskillende vergaderings vorm gekry het. Hoe moet ons nou egter vanuit die Skrif oor die samewerking tussen die ampte in die gemeente dink?

VAN APOSTELSKAP NA VERSKILLENDE AMPTE

Kom ons let eers op na wat die apostels se taak in die gemeente van die Nuwe Testament was. Hulle taak is baie groot. Die leiding van Christus se gemeente is in die begin aan hulle toevertrou. Hulle moet ook daarvoor sorg dat die tug in die gemeente gehandhaaf word. (Kyk Handeling 5:3 e.v.) Ons lees in Handelinge 6 dat die apostels vir die prediking in die gemeente sorg. Hulle is dit ook wat die gebede in die eredienste uitspreek. (Hand 6:4.) Dit is ook die apostels wat uitspreek wat die gesonde leer is. (Kyk o.a. Hand 15.) Die algemene leiding van die groot gemeente in Jerusalem berus by die apostels.

Dit is selfs nog nie alles nie. Die eerste tyd is die diakonale werk ook nog deel van die apostels se daaglikse werk. Ons lees dit in Handelinge 4:33,34: "En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê."

Ook in Handelinge 6 word dit duidelik dat die diakonale taak tot daardie oomblik die apostels se werk was. Hierdie hoofstuk maak ook duidelik dat die apostels al die werk wat gedoen moet word, nie meer goed kan doen nie. Dit word vir hulle te veel. Die apostels kan

nie meer die totale versorging van die gemeente waarneem nie. Ons sien juis in die apostelskap hoe die hele ampsdiens in Christus se gemeente 'n eenheid is. Dit is 'n eenheid om Christus se gemeente op die beste manier op te bou en te versorg. Hier het ons 'n baie belangrike aanwysing dat dit by die verskillende ampte nooit so mag werk dat ons mekaar as teenstanders begin sien nie. As dit gebeur, het die duiwel 'n plek onder ons gekry en het dit by ons om onsself en ons amp begin gaan en nie daarom hoe ons saam die gemeente van Christus op die beste manier dien nie.

Toe die apostels gesien het dat hulle nie meer alles self kon doen is die take verdeel. Dit is daarom dat in Handelinge 6 sewe manne aangestel is om die diakonale take van die apostels oor te neem. Die apostels trek hulle van die diakonale take terug. Ons lees naamlik in vers 2-4: "En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord."

'n Werksverdeling het plaasgevind. Beteken dit nou dat die apostels en die diakens langs mekaar begin leef? Nee, verseker nie. Ons sien dit raak in wat vir ons dalk 'n baie klein element in Handeling 6 is. Ons lees daar in vers 6 nadat die name van die sewe diakens genoem is: "wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebed en **hulle die hande opgelê**." Die handoplegging is nie sommer 'n handeling nie. Dit is o.a. die teken van die amptelike gemeenskap tussen die apostels en die diakens. Hulle werk in diens van dieselfde Here. Hulle werk saam in Christus se diens aan die versorging van sy kudde. Hulle werk saam aan dit wat in Efese 4 so omskryf word: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus." (Vers 11-13).

Die apostels was 'n besondere soort ampsdraers. Hulle amp was tydelik. 'n Apostel kon net 'n man wees wat Jesus se werk met eie oë en ore gesien en gehoor het of soos Paulus wat regstreeks deur Christus se eie stem geroep is en ook in Jesus se tyd geleef het. Ons sien dit baie duidelik as in Judas se plek 'n nuwe twaalfde apostel gekies moes word. Waaraan moet die twaalfde apostel voldoen? Petrus verduidelik dit gelei deur die Heilige Gees so dat hy een moet wees: "Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in- en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is – van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding." (Hand 1:21,22.)

Die amp wat in die gemeentes die blywende amp is en wat die apostelskap vervang is die ouderlinge. Ons moet ons dit so voorstel dat in die eerste gemeentes die ouderlinge dieselfde take as die apostels in Jerusalem gekry het. Hulle was in die eerste tyd vir die hele versorging en leiding van die gemeente verantwoordelik. Ons lees naamlik as Paulus in die begin die ampte instel net van ouderlinge en nie van diakens nie. Ons lees van Paulus en sy medewerkers in Handelinge 14:23: "En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, na gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het."
Ook is dit opmerklik dat ons in Handelinge 11 van ouderlinge lees wat geld uit ander gemeentes kry om dit vir diakonale doeleindes in hulle gemeente uit te deel. Ons lees daar in vers 29-30: "En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judea woon. En dit het hulle ook gedoen en dit deur Barnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur."

Ons lees daarna in die Nuwe Testament van diakens in ander gemeentes as in Jerusalem. Ons moet hier dalk dink aan 'n selfde ontwikkeling as in die gemeente van Jerusalem. Die ouderlinge kan nie meer al die take wat hulle het goed vervul nie. Daarom het al hoe meer gemeentes daartoe oorgegaan om ook diakens te verkies. Om op hierdie manier die werk van barmhartigheid goed te kan doen en goed te laat funksioneer in die gemeente.

As 'n mens op die ontwikkeling van die apostelskap na verskillende ampte let is dit duidelik dat die ampsdraers saam Christus se gemeente moet versorg. Hulle moet sy genadeheerskappy aan die gemeente en die wêreld wys. Hulle moet so werk dat Christus se vrede in die gemeente woon en deur die gemeente die wêreld instraal.

---

[1] Na hierdie uitspraak van die Sinode ontstaan oor hierdie punt nog weer probleme in die kerkraad van Dordtrecht self.. Kyk Th.W. Jensma. 1981 U Koninkryk kome Dordtrecht: Van den Tol. p. 24,25.

[2] A. van Deursen . 1991 Bavianen en Slykgeuzen Franeker: Van Wijnen p.94

Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n lesing wat in 2002 op 'n konferensie van diakens van die Vrye Geref. Kerke gehou is. Die tweede deel volg DV in die volgende uitgawe van Kompas. ¤

AKTIEWE STEMREG

BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR

Geagte redakteur:

In Kompas van Mei 2003, in die artikel "Die vrou as profeet priester en koning" lees ek die volgende: "In die Gereformeerde Kerke (vrygemaakt) in Nederland, waarvan ek lid mag wees, het die susters gelukkig aktiewe stemreg. Dit gee al 'n bietjie duideliker die mondigheid weer (al is die stemming dan ook skriftelik.) Ongetroude vroue en weduwees het hulle alleen-wees in die kerk altyd ekstra pynlik ervaar by die verkiesing van ampsdraers."

Nou misgun ek die susters in Nederland glad nie hul aktiewe stemreg nie, maar begryp nie die pynlike ervaring van susters in hul alleen wees in die kerk nie. Is dit nie dikwels 'n ervaring wat hulle hulself oplê nie? Wanneer die kerkraad van die gemeente name vra van broeders wat geskik geag word om in die amp te dien. Dan blyk dat ongetroude susters en weduwees glad nie aktief is om by die kerkraad name van broeders in te handig nie. Dit is nie eers nodig om dit skriftelik te doen nie, die wyksouderling is gewillig om die voordrag aan die kerkraad oor te dra.

Die moontlikheid om name van broeders in te handig wat vir die amp geskik geag word, getuig meer van mondigheid as die hele aktiewe stemreg. Want dan is aan die hand van Hand. 6:3, 1 Tim. 3 en Titus 1:5–9 vasgestel watter gawes ons Heiland in die gemeente gegee het. Die name van broeders wat aan die gemeente vir verkiesing voorgehou word, is almal broeders wat deur die gemeente en kerkraad vir die amp geskik geag word. In die verkiesing word net die voorkeur van die gemeente vir die broeders wat verkies word uitgespreek. Oordeel nou self in watter moontlikheid kom die mondigheid van gemeente lede meer vorentoe?

"In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die Here." Spr.16:33. Daarom kan 'n kerkraad ook deur die lot laat beslis welke broeders uit 'n dubbelgetal as ampsdraers benoem word. Daardeur word egter die openbaarheid in die verkiesing van ampsdraers na die kant van die gemeente toe, verminder. Tensy die kerkraad die ongetroude vroue en weduwees by toerbeurt vra om in "n gemeente vergadering hul skoot vir die werp van die lot ter beskikking te stel. Ons het egter almal deel aan die salwing van Christus tot profeet, priester en koning. Dus ook van almal wat in die amp van alle gelowiges staan is die hart in die hand van die Here, soos waterstrome lei Hy dit waarheen Hy wil. (Spr. 21:1) Die beslissing in die verkiesing kom dan ook van die Here! Daarom kan ek saam met die susters in Nederland bly wees oor hulle aktiewe ***stemroeping*****,** maar weier om dit 'n duideliker beeld van mondigheid te noem.

Na die verkiesing kry die gemeente, belydende manlike maar ook vroulike lidmate, die moontlikheid om wettige besware teen die bevestiging van die ampsdraers wat verkies is aan die kerkraad voor te lê. 'n Geleentheid waarin ook die mondigheid van die vroulike lidmate duidelik tot sy regkom. Ook in hierdie gawe van Christus in die ampsdraers vir sy gemeente sal ons met eerbied na die Woord van God moet luister om ook daarin ons roeping te kan verstaan en volbring.

RF van den Berg, Pretoria

Psalm 8

Totius se beryming van Psalm 8 word allerweë as een van sy mooiste en mees geslaagde berymings beskou.

Daar is geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid –
of orals blink u Naam en majesteit.

U het, o HEER, wat troon oor alle dinge,
uit kindertaal en stem van suigelinge
U mag gegrond, sodat die mens moet swyg
wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

As ek, o HEER, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan –

Wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die eng'le om u troon.

U laat hom heers. Tot aan die verste strande
gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o HEER, dit onder hom gestel,
dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

Die os en skaap en wat in wildheid lewe,
die voëls wat deur hoë lugte swewe,
al wat deurkruis die paaie van die see –
tesaam het U dit in sy mag gegee.

Ja, daar 's geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid –
of orals blink u Naam en majesteit.